# Die Drie Engele se Oproep tot Gebed

## DAG 10 — GOD SE MENSE, DIE OORBLYFSEL, EN GEBED

*"Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas; hier is hulle wat die gebooie van God en die geloof in Jesus bewaar."*– Openbaring 14:12

### Die Einddoel

Die drie engele boodskap het een primêre doel, 'n eenvoudige fokus: om die mense voor te berrei vir die wederkoms van Jesus. Hierdie goddelik geïnspireerde boodskappe kom tot 'n klimaks in Openbaring 14:12, wanneer Johannes die uiteindelike gevolge verduidelik wat kom van die begrip en die aanvaarding van die Hemelse eindtyd boodskap. Die apostel verklaar dat hierdie boodskappe mense sal voortbring van wie geskryf kan word, "*"Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas; hier is hulle wat die gebooie van God en die geloof in Jesus bewaar" (Openbaring 14:12).*

Die woord 'lydsaamheid' kan beter vertaal word as 'uithouvermoë.' Deur Sy genade, sal God se mense die beproewinge van die laaste dae verdra met uithouvermoë en uitkom as oorwinnaars. Hulle sal die woede van die dier in die gesig staar en nie hulle eerbare oortuigings prysgee nie. Alhoewel hulle nie sal kan koop en verkoop nie en vervolging moet ondergaan, gevangenisskap verduur, en selfs die dood ondergaan vir die saak van Christus, is hulle gehoorsaam aan Sy gebooie. Hulle kan nie geforseer word om hulle lojaliteit tot christus op te gee nie. Hulle leef genade gevulde, Christus verheffende, gehoorsame lewens te midde van die sondige, rebelse, ongehoorsame wêreld in die aarde se finale uur.

### Die Geloof in Jesus

Daar is 'n fassinerende aspek omstrent Openbaring 14:12. Hierdie eindtyd gelowiges het nie alleenlik die geloof *in* Christus nie, maar hulle het die geloof *van* Jesus. Wat is die geloof van Jesus? Die geloof van Jesus is dieselfde kwaliteit geloof in God wat Jesus gehad het op die kruis. Toe Jesus aan die kruis gehang het met die skuld, beskaamdheid en die veroordeling van die mensdom se sondes, het Hy gevoel asof God Hom verlaat het. Dit is waarom Hy uitgeroep het in sielsangs, "My God, My God, waarom het U My verlaat?" (Mattheus 27:46). Het God Hom werklik verlaaat? Sekerlik nie! Sy Vaderlike oë was die hele tyd op die kruis. Sy hart van liefde was gebreek deur die doodsangs waardeur Sy Seun gegaan het. Jesus het in God vertrou toe Hy nie kon sien nie. Sy geloof het verder en wyer gegaan as dit wat om Hom gebeur het. Dit is waarom Sy finale woorde was, "Vader, in U hande gee Ek my gees oor!" (Lukas 23:46).

Net voor Jesus se wederkoms, volgens Openbaring se profesie, sal God se mense weereens moet vertrou wanneer alles om hulle lyk asof dit teen hulle is, Wat is dit wat hulle deur hierfie moeilike tyd sal neem? Dit is die "geloof van Jesus." Hoe verkry ons daardie geloof? Eerstens, net soos verlossing 'n geskenk is, is geloof ook 'n geskenk wat God in ons harte gee wat groei soos ons dit gebruik (Romeine 12:3-8). Wanneer ons moeilike omstandighede ervaar en desperaat vashou aan God se beloftes, dan groei ons geloof (Romeine 10:17). Wanneer ons ons gebrek aan geloof erken en ernstig bid dat God ons geloof sal vermeerder, dan groei dit (Lukas 17:5).

In ons gebedstyd vandag, laat ons vir God vra om ons uithouvermoë sal gee terwyl ons die uitdagings van die lewe in die gesig staar. Laat ons bid dat Hy ons die krag sal gee om gehoorsaam te wees aan Sy wil en elke area van ons lewens, en laat ons pleit dat die Hemel ons 'n groter mate van geloof sal gee sodat die "geloof van Jesus" ons lewens sal vul en ons voorberei vir die aarde se finale krisis. Dan sal

ons eendag saam met Jesus deur die ewigheid leef!

## Gebedstyd (30-45 Minute)

**Bid God se Woord – Openbaring 14:12**

"*Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas; hier is hulle wat die gebooie van God en die geloof in Jesus bewaar."*

### "Hier kom die Lydsaamheid van die Heiliges"

*Here, ons wag al baie lank vir U wederkoms. Ons weet ook dat U tyd nooit verkeerd is nie en dat U weet wat ie beste is vir ons. Dankie dat terwyl die Heilige Gees in ons woon, sal Hy geduld en uithouvermoë in ons produseer. Wys ons asseblief hoe om ten beste die tyd te gebruik wat ons steeds het om U te eer. Wanneer ons beproewinge en verdrukking in die gesig staar, ons vertroosting mag vind in die wete dat U die krag en goddelike geduld of lydsaamheid aan ons sal skenk.*

### "Hulle wat die Gebooie van God hou"

*U wil is liefde, God.Liefde vir U en liefde vir ander. Liefde soos geopenbaar in die Woord van God en in die lewe van Jesus. Ek verheug my in die feit dat U gewillig is en dit kan vermag om ons rebelse hart te verander sodat dit in ooreestemming is met die groot wet van liefde.*

### "Die Geloof in Jesus"

*Ek is verbaas, Vader deur die geloof en getrouheid wat Jesus hier op aarde gewys het, veral terwyl U op die kruis gesterf het.Sover as wat Sy vertroue in die Vader 'n voorbeeld vir ons is, laat Hy dit nie daar nie, maar voorsien vir almal wat glo die gelentheid om dieselfde kwaliteit van geloof te ontwikkel. Jesus, laat asseblief ons geloof groei tot volwassenheid; elke dag 'n bietjie meer. Ons maak 'n volledig oorgawe aan U, ons kosbare, getroue Verlosser.*

### Nog Gebedsvoorstelle:

**Dank en Lof:** Dank God vir spesifieke seëninge en loof God vir Sy goedheid.
**Danksegging en Lof:** Dank God vir spesifieke seëninge en loof Hom vir Sy goedheid.
**Beleidenis:** Neem 'n paar minute vir privaat beleidenis en dank God vir Sy vergifnis.
**Leiding:** Vra God vir wysheid vir die huidige uitdagings en besluite.
**Ons Kerk:** Bid vir die streke en Wêreld kerk se behoeftes (sien aparte bladsy vir versoeke).
**Plaaslike Versoeke:** Bid vir die huidige behoeftes van lidmate, gesinne, familie en bure.
**Luister en Reageer:** Neem tyd om te luister vir God se stem en reageer in lof of sang.
.

### Voorstelle vir Liedere

*SDA Hymnal:* Let All Things Now Living (560); When We All Get to Heaven (633); In a Little While We're Going Home (626)

*Adventlofliedere:* Die Kerk het net Een Grondslag (334); Hoe Wonderbaar is God's Gena (189); O Heer, ek verlang om U Eie te Wees (200); Lei Voort o Eeu'ge Koning (371); Bring Eer aan die Here (144)